

Gereformeerde Kerk Bellville – 27 Maart 2016 – Oggend

Sing vooraf staande: Skrifberyming 5-4:1, 2 (10:1, 2)

- 1 Wie kan ons voor die regter daag? / Gods uitverkore kind verklaag?
Waar is die mond wat durf verdoem / as God sy kind regverdig noem?
- 2 Dis Christus wat die skuld wou dra, / die dood vir ons gesterf het, ja,
wat, opgewek, in glorie sit / en altyddeur vir ons wil bid.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 92:1, 2 (p. 466)

- 1 Wie sou die HEER nie prys nie, / as weer met nuwe gloed / 'n rusdag ons begroet?
Wie Hom nie dank bewys nie / in stille môrewagte, / as ons sy guns omring?
Wie vir sy trou nie sing / 'n loflied in die nagte?
- 2 Wie sou die troue HEER nie – / Hom wat sy gunste ons bied – / met hooggestemde lied
by harp- en luitspel eer nie? / Hy maak weer los my bande, / Hy maak my tong weer vry;
ek roem sy dade bly, / die werke van sy hande.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 32:1, 5 (p. 151)

- 1 Welsalig wie van skuld en straf onthewe, / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.
Want God wat groot is in barmhartigheid, / het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyt.
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde / toereken wil die boosheid van die sonde
en wie se gees, van alle valsheid vry, / voor God ootmoedig al die skuld bely.
- 5 Wil soos 'n perd nie wees wat opwaarts steier; / Of soos 'n muil wat ons sy dienswerk weier,
wat mensehand moet dwing met toom en tuig / tot hy sy krag in diensbetoon moet buig.
Die goddelose man het baie smarte; maar wie op God vertrou van ganser harte,
hom sal gewis, ook onder kruis en druk, / die guns van God 'n krans vleg van geluk.

Gebed

Psalm 16:1, 5 (p. 61)

- 1 Bewaar my tog, o God, op wie 'k vertrou! / Ek skuil by U, my toevlug in die lewe.
Daar is vir my, in wat die oog aanskou, / geen goed bo U, so eind'loos hoog verhewe.
En wie op aarde U ken en vrees, o HERE, / húl noem ek groot, hul is my roem en ere.
- 5 U sal my siel nie oorgee in die dood, / my pad buig op langs skone heuwelrye.
U sal nie toelaat dat u gunsgenoot / verderwing sien in donker doodsvalleie.
By U is ewig vreugde en volle vrede, / en in u hand 'n snoer van lieflikhede.

Skriflesing: Johannes 20:1-18

Kernverse: Johannes 20:17

Jesus sê vir haar: Raak My nie aan nie, want Ek het nog nie opgevaar na my Vader nie; maar gaan na my broeders en sê vir hulle: Ek vaar op na my Vader en julle Vader, en my God en julle God.
(Johannes 20:17 AFR53)

Tema: Ons Here Jesus Christus het opgestaan en ons moet dit getuig

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, wanneer 'n mens die Skrif lees en verklaar, kan 'n mens maklik daartoe mislei word om klem te lê op die geestestoestand van mense in die Bybel. Maar die Skrif is nie in die eerste plek 'n boek wat vir ons van mense vertel nie. Die Bybel is God se openbaring waarmee Hy Homself aan ons bekend maak. Tog is daar 'n verband tussen die Seun van God se openbaring en die gesteldheid van die mens aan wie Hy Hom openbaar. Christus openbaar sy opstandingskrag op verskillende maniere aan verskillende mense. Daarom is die gebeure en die openbaring aan Maria Magdalena anders as aan die ander dissipels van die Here. Die Here Jesus ken immers elkeen van sy volgelinge op die naam. Hy weet hoe elkeen se geaardheid is. Daarom openbaar Hy Homself op 'n persoonlike wyse aan elkeen afsonderlik, want elkeen moet die opstanding begryp en verkondig.

Niemand het gesien hoe Jesus Christus uit die dood opgestaan het nie, want al die dissipels het op die derde dag nog geslaap toe dit gebeur het. Die enigste getuie rondom die graf dat Jesus opgestaan het, was die leë graf. Maar die grootste Getuie van die opstanding is Jesus Christus self wat Hom na die opstanding aan sy dissipels openbaar sodat hulle kan glo en getuig.

Maria Magdalena was een van die eerste gelowiges wat gesien het dat die klip voor die graf weggerol was. Vroeër in haar lewe was sy met sewe duiwels besete. Sewe bese geeste het van haar 'n tuiste gemaak. Met sewe hoof ons nie noodwendig aan letterlik sewe duiwels te dink nie, maar eerder dat sy in haar hele menswees deur die duivel beheer is. As iemand wat totaal onder die beheer van die duivel was, het sy Jesus vroeër ontmoet. En Christus het haar van al die boosheid verlos. Haar verlossing was so absoluut dat sy na haar verlossing saam met 'n aantal ander vroue orals saam met Jesus en sy dissipels gegaan het om hulle uit eie middele te versorg. En sy het die naam Maria Magdalena uit wie sewe duiwels uitgegaan het, gedra tot eer van Christus. Sy was inderdaad 'n lewende getuie van Jesus die Messias wat lewe uit die dood gebied.

Daarom is dit nie vreemd om juis vir Maria Magdalena onder die eerstes by die graf op te merk nie. Van die dag af dat sy verlos is, het sy naby Jesus geleef en nie van Hom af weggegaan nie. Selfs toe Christus se lyding al dieper geword het op daardie Vrydag was sy daar. Sy was een van die weinig volgelinge wat op Golgota was toe Christus gekruisig is. Sy was die Vrydagmiddag teenwoordig toe Josef en Nikodemus vir Jesus begrawe het. En nou is sy een van die eerstes wat na die graf toe gaan om volgens Joodse gebruik nog Jesus se liggaam te behandel met olies en speserye, aangesien hulle nie voor die begraving geleentheid daarvoor gehad het nie.

Toe sy sien die graf is oop, het sy die ander vroue by die graf agtergelaat en na Petrus en Johannes gehardloop met die boodskap:

Hulle het die Here uit die graf weggeneem, en ons weet nie waar hulle Hom neergelê het nie. (Johannes 20:2 AFR53)

Toe sy die oop graf sien, het sy dadelik daaraan gedink dat Jesus se liggaam uit die graf gesteel is. Dit is iets wat blykbaar algemeen voorgekom het in daardie dae. Sy is daarna weer saam met Petrus en Johannes na die graf. Petrus en Johannes het in die graf ingegaan. En uit wat hulle daar gesien het, was dit duidelik dat niemand Jesus se liggaam gesteel het nie. Die grafdoeke was netjies opgerol waar Jesus gelê het, maar Jesus was nie daar nie. Tog het hulle nog nie die Skrif verstaan dat Jesus moes opstaan nie.

Nadat almal van die graf af weg was, het Maria alleen by die oop graf gestaan en huil. Die Jesus wat haar uit die dood van die sonde lewend gemaak het, is Vrydag van haar weggeneem en aan die kruisdood oorgegee. En nou is sy nie eers die geleentheid gegun om behoorlik eer aan Hom te betoon nie, want sy liggaam is dan gesteel. Sy bly by die graf staan en huil, want tussen haar en Jesus is daar 'n besondere band. Die band wat 'n mens met Jesus Christus het, word egter nie in die eerste plek bepaal deur ons kennis van Hom of deur ons liefde vir Hom nie, maar deur die krag van die verlossing wat uit Hom uitgaan. Maria het hierdie krag ondervind. Sy is van sewe duiwels verlos. Daarom bly sy ook by die graf, want sy wil weet waar haar Here is.

Sy staan en huil by die graf, want sy het ook nog nie verstaan dat Jesus moes opstaan nie. Sy is wel van sewe duiwels verlos, maar nou het hartseer en trane beheer van haar hele menswees geneem. Dit was trane nie net uit liefde nie, want haar liefde staan nou nie vas in die geloof nie. Haar trane spruit uit haar vooroordeel: Jesus se liggaam is gesteel. Selfs nadat Petrus en Johannes vir haar gesê het dat die graf leeg is en Jesus se graf-doeke netjies opgerol is, buk sy nog eens om in die graf in te kyk. Haar droefheid het 'n obsessie by haar veroorsaak. En 'n obsessie is iets wat besit van 'n mens neem. Sy is besete met droefheid. So erg dat sy weer soek waar ander reeds gesoek het om te kyk of hulle hulle nie verbeel het nie. Is Jesus regtig nie meer in die graf nie?

Geliefdes, almal is vatbaar vir hierdie inbeeldinge van die duiwel, ook ons wat die Here innig liefhet. Liefde wat nie vas in die geloof staan nie, wankel maklik wanneer iets in die verhouding breek, soos wat dit hier by Maria gebeur het. Die hartseer as gevolg van die gemis word maklik radeloosheid, en radeloosheid word wanhoop en wanhoop word opstand teen God. Die Satan terg: Waar is die Here wat jou verlos het, Maria? Hy kon Homself nie verlos nie! Ander mense het sy liggaam gesteel. Hy het wel die sewe duiwels uit jou laat uitgaan om nou ook self van jou af weg te gaan.

Maria het gebuk om in die graf in te kyk. Sy wil self seker maak dat Johannes-hulle reg gekyk het. Is die graf regtig leeg? Maar sy het nie 'n totaal leë graf gesien nie. Die graf was vol van die heerlijkheid van God. Daar het twee engele met wit klere gesit. Hulle is diensknegte en boodskappers van God. As daar skande by die graf was, sou hulle nie stilgesit het nie. Engele is nooit werkloos nie. Hulle sit nie werkloos nie; hulle teenwoordigheid verkondig dat Jesus regtig opgestaan het. Jesus Christus het die laaste vyand vir sy kinders oorwin; Hy het uit die dood opgestaan.

Maar selfs die heerlijkheid van God maak nie 'n indruk op Maria nie, want die vooroordeel en die droefheid is 'n obsessie. Selfs nie eers die vraag van die engele bring haar uit haar obsessie nie. Sy beantwoord hulle vraag steeds huilende:

Hulle het my Here weggeneem, en ek weet nie waar hulle Hom neergelê het nie.
(Johannes 20:13 AFR53)

Steeds vasgevang in die ongeloof van haar vooroordeel draai sy sommer om. Sy wag nie eers om te hoor wat die engele verder vir haar wil openbaar nie. Sy draai om en sien Jesus daar staan, maar sy het nie geweet dat dit Hy is nie. Hy staan ... en Hy klop aan die deur, nie om nou vir die eerste keer in te kom nie. Hy was reeds binne Maria se lewe, want Hy het haar nooit verlaat sedert Hy haar destyds verlos het nie. Maar haar vooroordeel dat sy liggaam gesteel is, het Hom buite haar lewe uitgesluit. Ongeloof het die geloof in die woorde van Christus dat Hy sal opstaan, verdryf. Hy het nou al twee maal geklop; sy het die leë graf gesien en sy het die heerlijkheid van God deur middel van die engele gesien. En nog hoor sy nie om oop te maak nie. Haar deur is van binne gesluit.

Geliefdes, dit is die tragedie van ongeloof wat in 'n mens volhard. Die ongeloof maak 'n mens so blind dat jy nie eers die heerlike teenwoordigheid van God naby jou kan raaksien nie. Jesus staan vlak voor Maria, maar sy weet nie dat dit Hy is nie. Christus staan vlak voor die Christen se oë in die Skrif, in die kerk, in die erediens, in die huisbesoek van Christus se diensknegte, in sy eie lewe, en hy weet nie dat dit Jesus is nie. Hy weet nie, want sy deur is van binne toegesluit deur sy eie vooropgestelde idees. Hoe sal hierdie deur oopgemaak kan word? Met geweld, met 'n sagte woord, met tug?

Dan klop Jesus vir die derde maal. Hy vee nie direk haar trane af nie, maar vra waarom die trane daar is.

Vrou, waarom ween jy? (Johannes 20:15 AFR53)

Met hierdie vraag steek Jesus diep in die wond van ongeloof om die hartseer los te woel. Dan kom die vraag skerper:

Wie soek jy? (Johannes 20:15 AFR53)

Nou moes Maria al geweet het dat die Man wat hier vlak voor haar staan nie 'n gewone mens is nie, want hoe het Hy geweet dat sy iemand soek en nie iets nie. En tog gebeur dit nie. Die ongeloof onderdruk nog die geloof in die opstanding van haar Here. Sy sien Hom aan as die tuinier en vra al huilende:

Meneer, as u Hom weggedra het, sê vir my waar u Hom neergelê het, en ek sal Hom wegneem. (Johannes 20:15 AFR53)

Jesus het vir haar gesê: **Maria!** Die goeie Herder ken sy skape op die naam, Hy roep hulle en hulle luister na Hom. Christus weet dat niks meer nodig is as net om haar naam te roep nie. Hy voeg nie 'n vraag of vertroosting of verwyt by nie, net: **Maria!** Dit is 'n roep in liefdevolle tug. Die duiwel het haar nie met mooi woordjies tot vooroordeel en ongeloof gebring nie. Daarom ook nie 'n sagte roep van haar Herder nie. **Maria!** Kleingelowige, waarom huil jy! Trane hoort nie by die leë graf van Hom wat die nuwe lewe aan jou gegee het nie.

Die goeie Herder het sy lewe afgelê vir sy skape. Maria is duur gekoop. Sy is 'n kosbare besitting van Christus haar Here. Daarom roep Christus hard: **Maria!** Kom terug, jy staan op die rand van die afgrond. Ek hou jou vas en neem jou terug, want niemand het reg oor jou behalwe Ek, jou Verlosser, nie. Sy wou Jesus geneem het, maar nou neem Hy haar. Deur haar naam te noem, neem Hy haar, bevestig Hy sy besitreg oor haar.

Met hierdie laaste klop is haar deur wawyd oop. En in Hebreeus sê sy vir Hom: **Rabboeni!** Met hierdie lewenskreet hoor ons 'n vrygemaakte gelowige. Sy was nie 'n ongelowige met skyngeloof nie; sy is 'n gelowige met oorblyfsels van ongeloof. Met hierdie een uitroep sê sy baie. **Rabboeni!** – my leermeester. Daarmee bely sy: ek het gesondig, en sy vra: vergewe my, en sy bely: ek glo!

Eg aan haar geardheid roep sy nie net uit nie. So oordrewe as wat sy was in haar hartseer, so oordrewe is sy in haar reaksie op die herkenning van haar Here se stem. Sy noem Hom op die Hebreeuse Naam wat sy Hom vroeër genoem het. Sy gryp geloofwaardig terug na die verlede voor die kruisiging. Maria is ten volle oortuig dat die Man wat voor haar staan dieselfde Here is wat haar uit die dood van die sonde lewend gemaak het. *Rabboeni* is uitdrukking dat sy ook die openbaring van sy opstandingskrag beleef. Die skaap het haar goeie Herder se stem herken.

Hoewel haar teruggryp na die verlede geoorloof is deurdat sy haar Here van vroeër herken, is daar ook weer oordreweheid in haar teruggryping. Sy gryp so terug in die

verlede in dat dit bykans die verlossingswerk van Christus misken. Sy bely met haar mond dat Hy opgestaan het, maar met haar dade loën sy dit. Sy hou Hom vas.

Daarom sê Jesus streng vir haar: **Raak My nie aan nie**. Jesus het opgestaan – nie om nou verder op die aarde tussen die in-sonde-gevalle mense te leef nie. Hy hoort met sy liggaam nie meer tuis op die aarde nie. **Raak My nie aan nie!** En om hierdie gelowige nie te ontmoedig nie, voeg Jesus by: **want Ek het nog nie opgevaar na my Vader nie**. Hy het nog nie opgevaar nie, want daar is nog noodsaaklike werk wat afgehandel moet word. Maar Maria mag nie hierdie uitsonderlike toestand misbruik nie. Die gemeenskap tussen die opgestane Christus en sy volk kan nie net hier op aarde voortgaan nie. Hy is op weg na die Vader waar die gemeenskap met Hom tot in ewigheid sal duur.

Dan maak Jesus die pas ontwaakte geloof van Maria aktief. Hy versterk haar met die opdrag:

Gaan na my broeders en sê vir hulle: Ek vaar op na my Vader en julle Vader, en my God en julle God. (Johannes 20:17b AFR53)

Watter groot omkeer veroorsaak Jesus in die lewe van 'n mens. Maria het nog gestaan en huil, en nou is sy geroep om te gaan getuig. Sy moet weg van Jesus af, maar word nie van Hom geskei nie. Sy moet aan sy broers gaan verkondig. Sy bly in die kring van die geloofsgesin. En aan die broers moet sy sê: Christus het opgestaan en Hy is op pad na sy Vader en ons Vader, na sy God en ons God. Die geloof in Christus is nie gebou op wat ons sien nie, maar op die werk van die Heilige Gees. Die gemeenskap met Christus is nie net bedoel vir sekere mense by wie die opgestane Christus is nie, maar vir almal wat in Hom glo. Daarom moet Hy na die Vader opvaar.

Broers, susters en kinders, het ons nog 'n bewys nodig dat Jesus Christus uit die dood opgestaan het? Nee! Ons het wel nie meer 'n leë graf om na te gaan kyk nie. Hier is ook nie engele wat vir ons sê dat Hy opgestaan het nie. Maar hierdie getuienis is vir ons neergeskryf sodat ons kan glo dat Hy opgestaan het. Ons self is die bewys dat Christus opgestaan het, en kyk rondom u. Elkeen van u broers en susters is getuienisse dat Christus opgestaan het. Juis omdat ons vandag in Christus kan glo, is bewys dat Hy opgestaan het. As Hy nie opgestaan het om na die Vader toe op te vaar nie, sou ons nie die Heilige Gees gehad het nie en sou ons nie geglo het.

Laat ons dan op hierdie dag nie by die leë graf stilstaan nie. Laat ons gaan om aan elkeen te verkondig dat die Here Jesus opgestaan het. Hy het juis opgestaan sodat ons daarvan moet getuig. Hy wat vir ons sondes aan die kruis betaal het, gesterf het en begrawe is, het opgestaan en lewe tot in alle ewigheid. En ons is getuies daarvan.

Amen!

Gebed

Slotpsalm 118:12, 14 (p. 579)

- 12 Dit is die dag deur God verkore, / die feesdag aan Hom toegewy.
Laat ons, met psalms uit vreug gebore, / ons in die God van heil verbly.
Ag, HEER, gee nou u seëninge; / gee voorspoed, HEER, op hierdie dag –
dit is die dag van grote dinge, / die gloriëteken van u mag.
- 14 U is my God, ál my verlange; / U prys ek om u majesteit.
My God, U loof my lofgesange / van nou af tot in ewigheid.
Loof almal saam met jubelsange! / Gods goedheid ken geen grens of tyd;
geen hede, toekoms of vergange, / sy goedheid duur in ewigheid!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
27 Maart 2016